e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

8 Mei 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 13

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Gelukkige huwelik = harde (lekker) werk

Die huwelik moet deur almal eerbaar gehou word. Wees in die huwelikslewe getrou aan mekaar.... **(Hebreërs 13: 4)**

Gesonde huwelike is soos die ingewikkelde, grasieuse samewerking van twee dansers wat deur baie oefening geleer het om mekaar se bewegings en buie te volg in antwoord op die belofte wat hulle voor God en die bruilofsgaste teenoor mekaar afgelê het.

'n Huwelik is verder soos 'n tuin. Indien 'n tuin in die reënseisoen op sy eie gelaat word, neem onkruid oor en verloor die tuin sy prag. Egpare trou normaalweg vanweë verliefdheid, net om later te ontdek dat getroudes nie altyd verlief bly nie. Getroudes is van nature geneig om van mekaar af weg te groei en om hul eie ding te begin doen. 'n Gelukkige huwelik vra, net soos 'n mooi tuin, gereelde en harde werk.

Indien man én vrou nie gereeld en hard aan hul huwelik werk nie, word die kans vir egskeiding met eerste huwelike geskat op 45% en met tweede huwelike op 76%. Dit moet mos nie so wees nie. Immers: *Wat God dan saamgevoeg het, mag 'n mens nie skei nie* (Matt 19: 6b).

Huwelike beweeg deur sewe stadiums. Egpare wat hierdie stadiums ken en herken, kan dit benut as groeistadiums in plaas daarvan dat dit hul huwelik verongeluk. Tydperke waarna hier verwys word, verskil uiteraard van huwelik tot huwelik, en dit wissel ook na gelang van omstandighede.

Fantasie. Eerste tot derde jaar. Alles wat jou maat doen, is oulik en wonderlik. Foute word net soms raakgesien. Dit word ook die wittebroodstadium genoem. Soms kan hierdie stadium binne drie maande verby wees.

Vergelyk. Tweede tot sewende jaar. Egpare begin onderlinge teleurstellings ervaar. Hulle ervaar hoe hulle mekaar kan seermaak. Dit kan ook die eerste tekens wees van huweliksprobleme. Huweliksmaats begin om hulself met die ander party te vergelyk, en ervaar intense ongemak met dit wat hulle van hul maats beleef.

Realiteit. Sesde tot tiende jaar. In hierdie fase besef hulle dat sommige veranderinge aan hul maats self sal plaasvind maar dat daar gebiede is waar nóg jy nóg jou maat sal verander. Hulle besef dat hulle nie altyd aan mekaar se verwagtinge kan voldoen nie, en hulle raak al meer van mekaar se onvolmaaktheid bewus.

Besluite. Negende tot 15de jaar. Die realiteit van die verhouding word aanvaar (dikwels met gemengde gevoelens). Die groot vraag is: ***Wil*** ek die veranderings maak wat nodig is om my huwelik te laat werk?

Skeiding. 14de tot 20ste jaar. Die groot stryd is om te besluit of hulle by mekaar gaan bly, gaan aanpas en die huwelik wil laat werk, of om eerder te skei. (Pare wat by mekaar bly, kan ook uit mekaar dryf.) Dikwels word hulp in hierdie fase gesoek om die huwelik te red.

Weer saam. 'n Paar besluit dat hulle getroud wil bly, ten spyte van wat in die huwelik gebeur het en die verskille wat daar tussen hulle is. Hulle verbind hulle opnuut aan mekaar asook daaraan om hard te werk aan hul huwelik.

Nuwe vryheid. Vanaf 20ste tot 25ste jaar. Elkeen is vry van die druk om so hard te probeer, en die verhouding vloei gemakliker.

Tereg word gesê: *Om getroud te kom, is maklik; om getroud te bly, is ietwat moeiliker; en om vir 'n leeftyd gelukkig getroud te wees, behoort gereken te word as een van die skone kunste*.

Dr Christo van der Merwe

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Vakante standplaas

- **Gemeente Turffontein in Johannesburg** beplan om eersdaags te beroep en wag aansoeke in van predikante wat in 'n deeltydse hoedanigheid in die gemeente kan werk. Die gemeente bestaan uit 276 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van die verantwoordelikheid en vergoeding is onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar of nie. Navrae kan gerig word aan die skriba, Lucas Roodt, by 011 436-0094 (h) naure of 078 456 0837. **Aansoeke sluit op 31 Mei 2013**. CV's kan gestuur word na **Andrew.lucas@iburst.co.za**.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**.

- **Prof JP (Bart) Oberholzer**, emeritusprofessor in Ou Testament aan UP en voormalige voorsitter van die AKV, is op Saterdag 4 Mei in die ouderdom van 85 jaar oorlede. Prof Bart is tuis in die midde van sy familie oorlede aan hart- en nierversaking nadat sy gesondheid die laaste week skielik begin agteruitgaan het. Die Kerk betuig ons innige meegevoel aan mev Jienie Oberholzer, hul kinders Annemarie, Kotie en Klaas, en die res van die familie. Hy was 'n merkwaardige mens – 'n gelowige kerkman met integriteit, 'n belese en gerespekteerde akademikus, en 'n Afrikaner wat al die mooi in ons kultuur gekoester en uitgedra het. Die roudiens vind op Hemelvaartdag, Donderdag 9 Mei, om 11:00 plaas vanuit Gemeente Wonderboom. Belangstellendes kan boodskappe van ondersteuning aan die familie stuur na ds Hendrik Odendaal by **hendrik.j.odendaal@gmail.com**.

Van links na regs prof Alex Antonites, di Willem Herbst, Johan du Toit, Ben Erasmus en Nico Brayshaw

- **Ds Jan Kramer** van Gemeente Elsburg **se skoonmoeder** is Maandagaand 6 Mei oorlede na 'n lang en pynlike siekte. Die roudiens vind plaas op Donderdag 9 Mei om 10:00 vanuit Gemeente Elsburg. Ons innige simpatie gaan aan mev Maryna Kramer (dogter), ds Marius Kramer (kleinseun), en die res van hul familie.

- **Emerituspredikant ds Johan du Toit** het sy 50-jarige jubileum op Sondag 21 April tydens die oggenderediens herdenk in Gemeente Wonderboom. By die geleentheid was van ds Du Toit se kollegas en vriende teenwoordig, onder meer ds Coen de Lange, prof Bart Oberholzer en prof Marthinus Pretorius (hy en ds Du Toit is nog die enigste van die vyf wat aan die einde van 1962 afstudeer het wat nog predikant in die Kerk is – Jannie de Beer is nou in die APK, en Johannes du P Potgieter en Attie Swart is oorlede).

- **AGB-wenk:** Baie bejaardes het as gevolg van fisiese, liggaamlike aftakeling gestremd geraak. Sommige worstel met gehoor-, sig- en ander probleme. Hulle verduur dikwels pyn en beweeg moeilik. Sien hulle raak en moenie huiwer om hulle by te staan en te ondersteun nie.

- So (foto links) lyk die nuut verkose **Ringskommissie van Germiston**, saam met die sekundi. Ds Jan Kramer is die nuwe voorsitter en ds William Harmse die skriba.

- Op Maandagaand 6 Mei is geskiedenis gemaak in die ring van Pretoria toe dames vir die eerste keer as voorsitter en skriba van die Ringskommissie benoem is. **Dr Sanrie de Beer** van Gemeente Philadelphia is voorsitter, en **ds Heloïse Herbst** van Gemeente Rietvallei is skriba. Die sekundus vir die voorsitter is ds Martin Slabbert; die sekundus vir die skriba is ds Steve Oxton; die ouderlinglede is Jan Beukes, Roelf Coertze en Hannes Combrink; en die sekundi vir die ouderlinge is Jackie Grobler, Marie van Aarde en I Prinsloo

Aksiegroep Gestremdheid

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Glimlag! Enige mens, selfs die horendes, voel hulle kan ontspan as jy glimlag terwyl jy met hulle praat. Veral wanneer dit kom by dié wat gehoorverlies het. Hulle voel hulle kan ontspan wanneer jy nie op jou senuwees is nie (Vicki Fourie, Mej Dowe SA 2009).

- **Kerklike eiendom in Venterskroon.** Die Raad van Finansies het besluit om eiendomme wat nie 'n finansiële bydrae tot die roeping van die Kerk maak nie, te verkoop. Die Raad versoek belangstellendes om 'n aanbod in te dien vir die eiendom te Venterskroon. **Die eiendom:** Groot 6,6 ha met drie geboue op waarvan twee woonhuise is en een die ou polisiestasie. Al drie die geboue dateer uit die vorige eeu. Twee van die geboue is tevore gerestoureer, maar die derde een kort baie aandag. Daar is ook 'n tronk op die eiendom en nog 'n gebou wat voorheen 'n motorhuis was maar omskep is in kamers. Op die eiendom is 'n boorgat wat water voorsien aan die kampterrein, en daar sal waarskynlik 'n serwituut geregistreer word om watervoorsiening aan die kampterrein te waarborg. Hierdie is nie die grond waarop die kampterrein geleë is nie. **Aanbiedinge:** Rig die aanbiedinge aan Piet Beukes by Posbus 2368, Pretoria 0001 – verkieslik in 'n verseëlde koevert – **voor 24 Mei 2013**.

- **Evaluering van voornemende teologiestudente.** Die evaluering vind op **12 Julie 2013** by UP plaas. Matrikulante asook persone wat reeds gematrikuleer het, kan aansoek doen vir evaluering om as student van die Kerk te studeer. Aansoekvorms kan aangevra word vanaf die Administrateur, Kuratorium vir die Teologiese Opleiding, Posbus 2368, Pretoria 0001; tel 012 420 5393; faks 012 420 4303; e-pos **betsie.brits@up.ac.za**. Die sluitingsdatum vir inhandiging van volledig voltooide aansoeke is **14 Junie 2013.**

- **Toer die Droom 2013: Gemeente Philadelphia**
  Ter ondersteuning van minderbevoorregtes in en om Pretoria
  29 Junie tot 13 Julie uit Pretoria na Laeveld en terug
  Beoog om vanjaar R500 000 in te samel
  Wil u optree as naamborg (R40 000), sekondêre borg (R20 000)
  of enige ander bedrag bydra?
  Kontak Joleen Joubert (Bemarking) by **joleen@mweb.co.za** / 072 272 6644

Spesiale eredienste en feesnaweke



- **Gemeente Warmbad: Sondag 26 Mei om 09:00**
  60-jarige feesviering van die gemeente
  en 25-jaar-ampsjubileum van ds Marius Bacon
  Nagmaaldiens om 09:00 met vingerete na die diens
  Alle oudlidmate welkom
  Kontak die gemeentelike kerkkantoor by 014 736 3124
  of oudl Van Dyk by 073 535 0160

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus 2013**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember 2013
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 Mei, en word hartlik geluk gewens.**
  - Donderdag 9 Mei: Ds Leon Geel (Grimbeekpark), drr André Groenewald (buiteland) en Fanie Pretorius (emeritus)
  - Vrydag 10 Mei: Di Frans Ras (Windhoek), Fanie Swanepoel (emeritus) en Gert van der Merwe (beroepafwagtend)
  - Saterdag 11 Mei: Dr Christo van der Merwe (UP) en ds Guillaume Rocher (Nigel)
  - Sondag 12 Mei: Ds Buks van Heerden (emeritus)
  - Maandag 13 Mei: Prof Ernest van Eck (UP), drr Gerhard Lindeque (Midstream), Koos Prinsloo (emeritus), di Hennie Pretorius (Bothaville) en Ockie van Schalkwyk (studerend)
  - Dinsdag 14 Mei: Di Willem Kok (Potchefstroom) en Pieter Uys (Brakpan)
  - Donderdag 16 Mei: Ds André Swanepoel (Vanderbijlpark-Suid)
  - Vrydag 17 Mei: Ds André Strauss (buiteland)

Beplande vergaderings

- Woensdag 8 Mei: Direksie van die Kinderhuise
- Vrydag 10 Mei: Moderamen
- Maandag 13 Mei: Predikantepensioenfonds
  Personeelpensioenfonds
- Dinsdag 14 Mei: Nagraadse Beurskomitee
  Kuratorium
  Redaksie van *Die Hervormer*
- Donderdag 16 Mei: Sekunduskommissie van die AKV
- Vrydag 17 Mei: Finkom van die Ondersteuningsraad

6de ADV

- **Amptelike Opening van die ADV: Woensdag 22 Mei om 18:30**
  Die Kommissie van die ADV nooi alle lidmate en ander belangstellendes uit om die opening van die ADV by te woon. Kontak Sonet by **diens@diakens.co.za** of 012 322 8885 om getalle op te gee.

- **Waarnemers by die ADV: 22-25 Mei**
  Enige persoon wat as ’n waarnemer by die ADV teenwoordig wil wees, moet met Sonet skakel om dit te reël. Registrasiekoste vir waarnemers beloop R950 per persoon en sluit middag- en aandetes in.

- **Lewendige videostroming (*live video streaming*) van die ADV**
  Die Algemene Diakensvergadering gaan in geheel deur videostroming op die internet uitgesaai word. Dit beteken enige belangstellende kan die aanbiedings en besprekings volg. Dit sal beskikbaar wees op die webblad van die ADV, by **www.diakens.co.za**. Van die hoogtepunte is die volgende:
  - Openingserediens: Woensdag 22 Mei om 18:30
    Erediens met ’n verskil: Dit word in gebaretaal getolk;
    optredes van Prinshofskool vir Gesiggestremdes se koor
    en Transoranje-skool vir Dowes se gebaretaalkoor;
    Skriflesing uit die Braille-Bybel
    Alle lidmate, mense met doofheid, en Afrikaanssprekendes in die buiteland kan hierdie erediens lewendig beleef
  - Optrede van Vicki Fourie, voormalige Mej Dowe SA
    Donderdag 23 Mei om 19:00
  - Loop in die skoene van iemand met ’n gestremdheid
    Donderdag 23 Mei om 15:45
    ’n Ervaringsaktiwiteit oor die gestremdheid en die kerk
  - Aanbiedings oor al 7 diensvelde van barmhartigheid
    (sien die webblad vir ’n skedule)
  - Befondsing van ons barmhartigheidsopdrag: Vrydag 24 Mei vanaf 09:00
    (hou net u internetdiensverskaffer se tariewe vir data in gedagte)

- **Vicki Fourie, Mej Dowe SA 2009, besoek die ADV**
  Viva la Vicki – so lees die titel van die boek geskryf deur Vicki Fourie, voormalige Mej Dowe SA. Sy skryf: *Dapperheid is nie ’n geskenk nie – dit is ’n keuse!* Sy sê sy is ’n moderne *Viking*, en soos die TV-karaktertjie wat telkens in moeilike omstandighede ’n oplossing moes vind, moes sy self deur gestremdheid, verwerping, ’n skietongeluk, depressie en vele ander uitdagings ’n pad oop veg. Sy skryf: *My naam, Vicki, beteken “victorious”. Ek is gebore om ’n oorwinnaar te wees en nie ’n “victim” nie...* Vicki tree op tydens die ADV by Gemeente Wonderboom van 19:00 tot 21:00 op Donderdag 23 Mei. Sy gaan die gehoor op die punte van hul stoele hê – kom luister na haar, lag saam met haar, huil saam met haar. Die geleentheid sal gratis aangebied word en almal is welkom. Of volg dit lewendig oor die internet by **www.diakens.co.za**. Moenie die geleentheid misloop nie!

Kursusse en toerusting

- **Voortgesette Teologiese Toerusting vir Predikante (VTT)**
  4 en 5 Junie en **5 en 6 November**
  Tema: *Geloofsonderskeiding*
  By Gemeente Wapadrant
  Koste **R350** per persoon **(Let wel: Nié R400 nie!)**
  Predikante wat VTT **in Junie** wil bywoon, moet mev Betsie Brits **voor 20 Mei** kontak
  Faks 012 420 4303 / Tel 012 420 5393 / **betsie.brits@up.ac.za**
  Registrasiefooi verkieslik vooraf elektronies of per bankdeposito
  Kerkgeld vir Kerkwerk, ABSA, rekeningnr 020 149 752, kode 63 20 05
  Verwysing 2013K VTT en naam van kursusganger

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  (minder as uur van Johannesburg, Pretoria en Rustenburg)
  Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer

(Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
en predikant van NG Kerk Groenkloof
Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
Bespreek by Elize by 072 600 5809 of **deoudepastorie.victoriawest@gmail.com**
Navrae oor inhoud van program aan Pieter by **pieterjanob@gmail.com**
of 082 332 5782

Beskikbare behuising

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamers 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Konserte en feeste

- **Vrydag 10 Mei om 19:30: Gemeente Pierneef**
  Konsert met Bobby van Jaarsveld
  By Hoërskool Oos-Moot
  R100 per persoon, onbespreekte sitplekke
  Kosverkope vanaf 18:00
  Navrae by 072 416 2228

- **Vrydag 10 Mei om 19:00: Gemeente Witbank**
  Konsert met Jammies Jamneck (komediant) en sy kinders (kontreisangers)
  By Klipfontein-laerskool
  Vingerete ingesluit, wyn en koeldrank voor optrede en in pouse beskikbaar
  Volwassenes R100 elk, laerskoolkinders en jonger R50 elk
  Navrae aan Nick van Niekerk by 082 894 7916
  of Rachel Bothma by 013 697 0455

- **Saterdag 25 Mei: Gemeente Culembeeck**
  Manne-Oggend met prof Stephan Joubert as spreker
  In die Simfonie-ouditorium, Witpoortjie, Roodepoort
  R120 per persoon
  Bespreek by ds Annerie Conradie tel 083 291 4782

- **Vrydag 31 Mei om 19:00: Gemeente Kaapstad**
  Konsert met Kaapse Walliese Mannekoor te Tygerberg
  Kaartjies R40 per persoon
  Navrae aan ds Kathleen Smith by 021 551 5264

- **Maandag 3 tot Vrydag 7 Junie: Gemeente Hartebeeshoek**
  Jaarlikse Revuefees
  Laerskool Akasia om 19:00
  Magaliesberg se Kinderkoor op Woensdagaand 5 Junie
  R50 per persoon, voorskoolse kinders gratis
  Te koop: Vetkoek met maalvleis, kerrie-en-rys, drinkgoed
  Kontak Elma Williams by 082 562 5244 vir meer inligting
  Kaartjies ook by deure te koop

- **Vrydag 7 Junie: Gemeente Bergsig: Fredi Nest**
  18:00 tot 19:00 in kerksaal
  hv Leonide- en Karel Trichardt-straat, Mountain View
  R30 per persoon
  Navrae by 082 377 0747

Kampe en toere

- **Konteks-leserstoer na Turkye: 2 tot 18 Oktober 2013**
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 / **ernest.vaneck@up.ac.za**
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Tzaneen: Jagpakket te wen**
  1 x koedoe, 1 x blouwildebees, 2 x rooibokke
  Plus gratis verblyf vir 4 persone op jagplaas in Waterpoort
  Kies tussen 3 beskikbare naweke
  Slegs 300 kaartjies beskikbaar teen R300 elk
  Sluitingsdatum 24 Mei 2013
  Skakel 015 395 4083 of gemeentelike kerkkantoor by 015 307 4508

- **Gemeente Bergsig: Diakens: Straatverkope**
  Saterdag 25 Mei 08:00 tot 13:00
  Vingerlek-lekker gebak, pannekoek, die unieke diaken-*jaffel*,
  warm sop met vetkoekies
  hv Mignon- en Karel Trichardt-straat (oorkant Spar in Mountain View)
  Navrae aan Elmarie by 082 377 0747 of Neeltjie by 076 428 8142

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000**
  Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 11 Mei vanaf 09:00: Gemeente Magaliesburg**
  Winterbasaar
  Vars vleis en groente, boerekoffie, pannekoek, tuisgebak, speletjies
  Lekker pryse om te wen, groot pret vir die hele gesin
  Navrae by **nhkmagaliesburg@gmail.com**

- **Saterdag 25 Mei 09:00 tot 14:00**
  Gemeente Mafeking: Diamantstormloop
  By Wouter de Vos Rugbystadion in die dorp
  Verskeie stalletjies en vlooimark
  Musiek deur Lichvaal Stereo vanaf die rugbystadion

Verskeie diamante met gesamentlike waarde van R20 000 te wen
Koop ’n kaartjie teen R100 en ontvang ’n pakkie diamantgruis
Sif die *vreemde* voorwerp daarin uit en kwalifiseer dalk om ’n diamant te wen!
Navrae aan Kallie of Nelia Landsberg (079 893 9031 of 083 665 6239)
Bemark en verkoop u produkte – stalletjies R300 elk
Navrae aan dr Annelie Botha (082 650 3494)
of Magda Redelinghuys (082 825 1913)

- **Vrydag 31 Mei en Saterdag 1 Junie**
  Gemeente Losberg in Fochville: Basaar
  Kosstalletjies, gebak, vleis, biltong, verskeie items by die witolifant
  en tierlantyntjies
  Vir die kinders is daar ’n spookhuistent
  en speletjies
  Navrae aan Sannietjie Boshoff
  by tel/faks 018 771 2617 /
  sanboshoff@gmail.com

- **Saterdag 1 Junie: Gemeente Schoemansdal in Hartbeespoort**
  Bosveld-musiekfees
  Maak ’n uitstappie van die dag
  en kuier heeldag saam met ons
  Daar is genoeg vermaak en kos
  Optredes deur Mwah, Adam
  en Theuns Jordaan
  Gratis toegang
  Kontak Mientjie by 083 536 1530

ANDER NUUS

- **VAKATURE: ADMINISTRATIEWE BEAMPTE / REKENKUNDIGE BEAMPTE**
  By Andries-Marié Oosthuizen
  Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Rekenkundige agtergrond
  met ondervinding
  Goeie telefoonetiket
  en kommunikasievaardighede
  veral ten opsigte van bejaarde
  persone
  Selfgemotiveerd en in staat om
  onafhanklik te werk
  Kode 08-bestuurlisensie
  Tweetalig in Engels en Afrikaans
  Rekenaargeletterd in MS Office –
  veral Outlook, Word en Excel
  Pligte: Beantwoord telefoon en
  kanaliseer na korrekte afdeling,
  algemene kantooradministrasie,
  invordering van geld
  en hantering van trustfondse,
  instandhouding van administratiewe
  en finansiële program op rekenaar
  Onderhandelbare salaris met normale diensvoorwaardes
  Sluitingsdatum: 30 Mei 2013
  Stuur CV aan: Mev A Botha, faks 056 817-7525, e-pos **hf@otmt.org**

- **VAKATURE: ASSISTENTVERPLEEGSTER**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Normale diensvoorwaardes
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **Nasionale Kinderbeskermingsweek** vind jaarliks die laaste week van Mei plaas. Die **Ondersteuningsraad (OSR)** wil gemeentes, maar ook spesifiek die kategese, nooi om hierdie geleentheid te benut om bewusmaking ten opsigte van die veiligheid van kinders te kweek. **Gemeentes en/of hul kategeseklasse** word dus versoek **om blikkieskos in te samel** en torings daarmee te bou. Daar kan gekyk word na hoe hoog die toring gebou kan word, of die toring kan 'n simboliese voorstelling van kinderbeskerming wees. Die blikkieskos wat ingesamel word, kan aan die naaste OSR-kantoor geskenk word wat dit na hulpbehoewende gesinne sal versprei. Indien daar nie 'n OSR-kantoor in die omgewing is nie, kan dit aan enige welsynskantoor of skoolvoedingskema in die omgewing geskenk word. Die doel is om bewusmaking te kweek vir die broosheid van ons kinders en dat alles in ons vermoë gedoen moet word om hulle teen enige ongeregtigheid te beskerm. **Foto's** kan van die torings geneem word en na **oraadpb@nhk.co.za** of **diakens@nhk.co.za** gestuur word, waarna dit op die ADV/OSR se webblad geplaas sal word. Gemeentes kan gedurende die betrokke week ook ander aktiwiteite hieroor aanbied, en preke vir die Sondag kan ook aan die tema gewy word. Kontak Charmaine Fourie by 012 322 8885 x313 / **oraadpb@nhk.co.za**.

- **Sonitusskool vir Gehoorgestremdes: Damesdag**
  Saterdag 11 Mei om 09:00
  Riana Nel en verskeie uitstallers
  R130 per persoon
  Kaartjies by Miné 012 800 1161

- **Transvalia-skool vir Epilepsie en Leergestremdheid**
  Vrydag 7 Junie om 19:30 in die Aula
  Romanz en Nianell
  Besprekings by skool 012 800 1071 (kantoorure) /
  Marietjie 083 294 8246 (naure) / Lizet 082 550 6960

- **Nuwe nasionale fondsinsamelingsprojek op 31 Mei.** Plakkers te koop @ R10 elk. Daar is 5 soorte plakkers te koop: diere; algemene welsyn in gemeenskap; kinders; gestremdheid; onderwys. Deur 'n plakker te dra op 31 Mei wys jy dat jy jou *belasting* betaal het ten bate van jou gunsteling niewinsgewende organisasie. Om seker te maak dat jou tekkies nie 'n verleentheid is nie, is daar 'n spesiale paar veters te koop @ R30. As deel van die plakker is daar ook 'n kleiner plakker wat jy op jou selfoon kan plak. Bestel jou plakkers van TOIBO. Kontak Arina Jooste by 012 320 7644 / 082 560 5213.

- **450 jaar Heidelbergse Kategismus**
  Gesprek oor die Kategismus tot versterking van geloof
  Datum: Maandag 17 Junie
  Plek: Gereformeerde Kerk Bellville, Broadwaystraat 6, Vredelust, Bellville
  Tyd: 17:00 tot 21:30 (aandete en verversings)
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word @ R25
  Sprekers: Dr Victor E. d'Assonville, dr Lourens Erasmus,
  dr Gerard Meijer, ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Ds Coen Vrey
  Vir bespreking van ete: 021 911 5419 of **cca.vrey@telkomsa.net**
  Vir algemene navrae: 012 332 1196 of **gerardjmeijer@gmail.com**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar **daar sal nie onderhandel word oor die uitleg** daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Versoek om bydraes vir die *THT*



Lidmate, kerkraadslede, predikante en akademici word vriendelik uitgenooi om artikels voor te lê vir twee spesiale uitgawes van die *Tydskrif vir Hervormde Teologie* (*THT*) wat aan die begin van Augustus gepubliseer sal word.

Hervormde ekklesiologie
Dit sluit in artikels wat oor verskillende aspekte van die kerklike lewe handel. Ons sal graag ook teologiese besinnings wil ontvang oor die werksaamhede van byvoorbeeld die ADV en die NHSV. Ons wil die artikels nie beperk tot die probleme rakende die belydenis, opleiding van predikante en politiek nie. Die artikels moet die gesprek wat tydens die AKV oor kerkwees gevoer gaan word, voorberei, en moet koers aandui op die kort- en langtermyn.

Diegene wat daarvoor kans sien, kan ook aandag gee aan die probleem van pluraliteit (verskillende strominge) in die Kerk. Voorstelle kan gemaak word oor hoe die eenheid ten spyte van diversiteit gehandhaaf kan word.

Die problematiek *Kerk – Fakulteit*; *Teologie – Wetenskap*

1. Artikels wat handel oor die verhouding tussen Kerk en Fakulteit. Hierdie artikels kan fokus op historiese aspekte, dit kan die huidige situasie analiseer en verhelder, of dit kan toekomsperspektiewe aanbied.

2. Artikels wat handel oor die hele vraagstuk *Teologie – Wetenskap*. Dit sluit in teologie as wetenskap, kritiese teologie en Bybels-Reformatoriese teologie. Hierdie artikels moet die besluitneming oor die teologiese opleiding voorberei en vergemaklik. Dit moet ook die voortgaande nadenke oor teologie as wetenskap dien. Die tipe teologie wat ons in die NHKA wil beoefen, moet die nodige aandag kry.

Die laaste datum vir die inhandiging van artikels is **einde Julie 2013**.

Die artikels kan so kort as 2 500 woorde wees, maar moenie langer as 7 500 woorde wees nie. Die *THT* wil ruimte bied aan 'n groot verskeidenheid van standpunte. Outeurs word herinner dat artikels positief en opbouend moet wees. Persoonlike en kwetsende opmerkings moet vermy word.

Prof Natie van Wyk

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mev Francis Nel
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel